

**16 April**

**Jesaja 8:23-9:6, (Teks: 9:6)**

***Voorspoed en vrede***

Vir baie mense is 'n totale vrederyk die ideaal. Die Bybel open egter die uitsig op die ware ryk van vrede en voorspoed. Die ware vrederyk is nie die heilstaat van menslike ideologieë nie of die Utopia van magsdronke wêreldleiers die idilliese drome van politieke wensdenkers nie. God gee die motiewe vir die ware vrederyk. Dit is ewiglik verbonde aan koning Dawid en sy koninkryk (2 Sam 7:16). Salomo stig nie die ware vrederyk nie, alhoewel sy koningskap daarheen wys (1 Kor. 22:9-10). Jesaja preek van die koms van die ryk van voorspoed en vrede in die boek van Immanuel (Jes. 7-12). Die heerskappy van vrede deur reg en geregtigheid rus op die skouers van 'n kind wat nog gebore moet word (Jes. 9:5). Die heerskappy van voorspoed deur mag en reg sal gestig word deur die komende Vredevoers (Jes. 9:6). Deur sy onverdeelde trou bring God die heerser en die heil aarde toe. Dit is die Seun van God. Nadat Hy aan die kruis gesterf en uit die dood opgestaan het, bevestig Christus dat die ryk van vrede en voorspoed wel opgerig sal word (Hand 1:6-7). Voordat dit kan gebeur, moet die evangelie van verlossing oor die wêreld verkondig word (Hand 1:8). Dit gee troos en uitsig. Aards-militêre veldslae bring nie die ryk van vrede en voorspoed nie. Alleen deur die kruis op Golgota en die bloed van die Lam word die ware, ewige ryk van vrede en voorspoed gegee.

Sing: Psalm 118:12

Ds. C.N. van der Merwe (Klerksdorp)